Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 16 APRIL 2010

Voor ons ons oë kon uitvee, is die vakansie iets van die verlede en is ons volstoom weer aan die werk en woel. Hierdie kort kwartaal gaan beslis sy pond vleis van ons eis – sterkte met al die uitdagings wat vir ons voorlê.

BELANGRIKE DATUMS

- **28 April: Neem van foto's. Briewe is reeds uitgestuur om u bestellings vir foto's te plaas. Vra asseblief u kind daarna.**

- **14 Mei:** Oupa- en Oumakonsert (Aspoestertjie) vir ons ouers:
  Datum: Dinsdag 11 Mei en nie Woensdag 12 Mei soos in 'n brief aangedui nie.
  Tye: 17:30 tot 18:30 en 19:00 tot 20:00.
  Plek: Skoolsaal.
  Koste: R10,00 per persoon.

- **14 Mei:** Oupa- en Oumadag
  Tyd: 10:00 in die skoolsaal.
  Koste: R25,00 – sluit verversings in.

- **5 Junie: Damestee in die skoolsaal.** Kaartjies teen R100,00 per persoon is vanaf volgende week beskikbaar. Indien u sou belangstel om as 'n gasvrou by 'n tafel op te tree, kontak asseblief vir juf. Hester of juf. Johanna by 051-5225951.

- **Woekerwinsies vir die tweede kwartaal:**
  G.F.: 23 April, 7 Mei en 21 Mei,
  S.P.: 30 April, 14 Mei en 21 Mei.
  (LW: Op 21 Mei het G.F. en S.P. albei woekierwinsies as gevolg van eksamens en die kort kwartaal.

VOORTREKKERS – BELANGRIKE NUUS

Die afsluitingsdatum vir registrasie kom nou vinnig nader. Voortrekkers het nog tot 23 April tyd om te registreer en hulle geld te bring.

LW: Indien 'n kind nie as 'n Voortrekker geregistreer is nie, kan hulle nie ingelyf word nie en ontvang hulle ook nie aan die einde van die jaar 'n toekenning nie.

Ons inlywingsdatum is Dinsdagaand, 18 Mei om 18:00 in die skoolsaal. Ons wil graag hê dat al ons Voortrekkers en hulle ouers hierdie aand die funksie sal bywoon. Dit geld ook vir dié wat reeds ingelyf is.

FINANSIES :

Ons doen bykans weekliks 'n beroep op ouers om stiptelik skoolfonds te betaal. Daar is steeds ouers wat nie rekeninge betaal nie, geen reëlings tref nie, nie aansoek om Kwytskelding doen nie of skoolfonds as 'n baie lae prioriteit op hul uitgawe lys beskou. Die skool kan nie funksioneer sonder fondse nie. Ons is so afhanklik van u getroue betalings. Kontak asseblief die kantoor indien u probleme het.

Die vakansie Junie maand is baie lank – vanaf 9 Junie tot 13 Julie. Reël asseblief finansies so dat daardie maande ook betaal word aangesien die skool vaste uitgawes het wat gedien moet word.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

Ons maak staat op u samewerking.

MARK DIESEL
ITEC
Sales Manager
Cell: +27 73 203 3064
E-mail: markdiesel@itec-bloem.co.za

POPPEKASVERTONING (Maak 'n groot aantekening op jou kalender vir hierdie gebeurtenis.)

Die Graad 4 en 5 klasse bied op Vrydag,
30 April 'n Poppekasvertoning deur die **gewilde Doxa Deo** groep vir 'n fondsinsamelingsprojek aan. Dit is beslis 'n moet vir oud en jonk om hierdie vertoning te kom bywoon. Poppe van alle grotes word gemanipuleer om 'n wonderlike vertoning daar te stel.
Tyd: 18:30.
Koste: R10,00 per persoon.
Verversings sal te koop aangebied word.
Moet hierdie belewenis nie misloop nie.

VERLORE KLERE

Daar is 'n geweldige groot hoeveelheid verlore klere wat nie opgeëis word nie. Mev. Karen le Roux (tel **072 171 5215**) het die klere gewas en versorg. Skakel haar gerus indien van u kind se klere verlore is. Indien hierdie klere nie teen 30 April 2010 eienaars gekry het nie, word dit aan die klerewinkel geskenk wat dit sal versprei aan leerders wat dit nodig het en waar groot behoefte bestaan.

Ons kondig met trots aan dat ons nuwe hoof aangestel is.
Mnr Francois Nel is tans nog in Zastron en sal die 3de Mei die leisels by JF kom vasvat!

Baie Welkom!

Mnr Nel en sy gesin